

1 Joh.1:1-4
1ste Sondag na Kersfees 27 Des. 2015

Van die begin af was Hy daar. Ons het Hom self gehoor; ons het Hom met ons eie oë gesien; ja, ons het Hom gesien en met ons hande aan Hom geraak. Hy is die Woord, die Lewe. Die Lewe het gekom; ons het Hom gesien en is getuie daarvan, en ons verkondig aan julle die Ewige Lewe wat by die Vader was en aan ons geopenbaar is. Hom wat ons gesien en gehoor het, verkondig ons aan julle, sodat julle aan ons gemeenskap deel kan hê. En die gemeenskap waaraan ons deel het, is die met die Vader en met sy Seun, Jesus Christus. Dit skryf ons sodat ons blydskap volkome kan wees.

Liewe gemeente,

Dit is vakansietyd... sommige gryp die kaans aan om op reis te gaan. Daar is van ons mense wat graag kusstreke toe ry. Deesdae kan ons binne 'n uur afstande met mototrs aflê waar dit 'n eeu of twee gelede weke ja maande lang gevat het om byvoorbeeld van Pretoria na Durban toe te reis. Destyds was een van die grootste struikelblokke vir reisigers onherbergsame berge en diep dale. Totdat daar nie 'n brug gebou is nie, is dit uiters moeilik om van A na B te reis. **En juis brûens** het een van die prag-prestasies van 'n volk geword. Ons dink aan die SA se eie onlangs geopende Nelson Mandela- brug in Johannesburg. Ons dink aan die ongelooflike prestasies in die Knysna en Ooskaap omgewing waar afgronde vanoor die 100m met grootdiep oorgesteek kan word. 'n Mototris vat soms net 'n paar sekondes deesdae om daaroor te jaag terwyl dit jare gevat het om so 'n brug te konstrueer; ja nie selde het sommige werkers hulle lewens geoffer sodat ons deesdae gemaklik oor so 'n brug kan ry.

Nie alle brûens is ewe goed of ewe sterk nie; elke brug het sy doel en sy beperkings. En afhangende van *wat* oor die brug sal ry, dienooreenkomstig moet die brug stewig of minder stewig gebou word; dienooreenkomstig word die materiaal uitgesoek en die konstruksie gedoen.

Ons ons dink aan die beroemde brug in Georg se omgewing, in London Tower Bridge, in San Franzisco, VSA - 'n ongelooflike menslike prestasie in die 1930. En wat sou byv. Venecia sonder sy honderde brûens wees wat al die klein en groter kanale van die stad op water verbind. Of hierdie ene wat uit 22.000 bladsye papier gemaak is. Die laagste brug tans bestaan in China 36,5 Km. Binnekort sal tussen HongKong en 'n eiland 'n 50 lange brug bekend gestel word. ...



I

Ook ons teks praat eintlik ook van 'n brug. En daar dink ek eers aan 'n groot boog en twedens aan 'n klein boog wat ons vandag in ons gedagtes konstrueer; en ons dink aan die soort brug omdat dit afhang wat hierdie brug wil dra en oordra.

Maar waaroor sal die brug gaan. Wat is die twee (vier) kante wat ons wil oorbrug?

Johannes praat hier van 'n eintlik onoorbrugbare afstand wat tusse twee entiteite bestaan. Ja hy praat eintlik van twee wêrelde, van twee verskillende dimensies, ja en hier begin ek al te hakkell want woorde skiet hier te kort om die anderkant, die hemel of die goddelike sfeer te omskryf. Ons wêreld ken ons; ons omgewing, ons bestaanshorison kan ons omskryf. Maar die “ander kant”? Ja ons weet dat daar 'n ander kant is, 'n goddelike sfeer, 'n onsigbare dimensie, maar waar presies? En hoe kan ons daarby uitkom? Johannes is 'n realis en hy antwoord in sy brief baie duidelik: Niemand het God nog ooit gesien nie - maw dit is onmoontlik om as verganklike mens ooit by daardie goddelike heerlijkheid uit te kom. Daar is nie 'n manier waarons ooit van hierdie kant na die ander kant toe kan uitreik nie.

En tog het die Skepper op een of ander manier die aanvoeling in ons geplant dat ons mense aanhoudend op soek is na 'n dieper betekenis in die lewe, na sin en volheid. By elke graf word die verlange wakker, om meer te wil weet, om kontak op te bou na “die ander kant”. Elke slegte gewete herinner jou daaraan dat daar meer is as net eet en drink want môre is ons dood. Maar om by die ander dimensie uit te kom, voel ons aan, sal meer nodig wees as 'n tydmasjien, meer as net gesondheids- en meditasieoefeninge, meer as enige iets wat mensmoontlik is. Maar wat?

Kersfees is die ongelooflike inbreek van God se boog na die mensedom toe. Ja meer, Bethlehem is die vastrap-plek van 'n brug wat buite ons bestaanshorison in ons tyd en ruimte inbreek. God kies 'n stal en 'n krip om sy brug te bou. Dáár op 'n spesifieke plek en op 'n bepaalde tyd het die onsigbare God, meteens sigbaar geword. Die ondebare het denkbaar geword, ja meer nog - het vatbaar en beleefbaar geword.

Ons het Hom self gehoor; ons het Hom met ons eie oë gesien; ja, ons het Hom gesien en met ons hande aan Hom geraak. Drie keer herhaal Johannes dit dat ons Hom gesien het. Óns wat saam met die Christus in sy tyd geleef het, ons het HOM gesien. En al sou miskien een sintuig



hom in die steek laat, dan betrek Johannes die ander mees algemene sintuie daarby: ons het hom gehoor, ja betas, aangeraak. Hy, die mens Jesus was in werklik lewende lywe daar.

Maar, en nou kom die “crux van die saak”, Hy was nie net mens nie - Hy is die ewige God self! Wat mense in die antieke en filosofie die “kosmosgees” genoem het, dit het vlees en bloed aangeneem. **God self het uit sy verborgenheid uitgetree en sigbaar mens geword !!!**

Dat hierdie gedagte té groot is om te begryp, is ook verstaanbaar. Omdat Hy juis so *menslik* gelyk het, het min mense geglo dat *in Hom* die volle Godheid kon woon nie. Hulle het met Hom later geredeneer en geargumenteer (só iets is mos nie moontlik om met God te doen nie, is dit?). Die Fariseërs en Skrifgeleerdes het presies geweet waar Hy vandaan kom: daar uit Nasaret. En sy ouers was ook bekend: Josef en Maria. En sy gesin het hulle ook geken - hoe kan enige iemand dan skielik beweer dat hierdie Jesus *uit die hemel* af kom? En diegene wat Hom aan die kruis gespyker het, het beslis nie daaraan gedink dat hulle besig is om 'n godheid aan die hout vas te pen nie. En as Hy 'n god sou wees, dan so swak dat Hy nie eers menslike intimidasie kan weerstaan nie, of hoe?

Geen wonder dus dat reeds destyds Jesus verwerp is nie.

Geen wonder dus dat Hy vandag nog as God-mens verwerp word nie.

Geen wonder dat Kersfees ontaard in 'n bloot wêreldfees en slegs familie-afêre nie.

Geen wonder dus dat dit by baie nog steeds *nag* bly.

Maar daarom maak Johannes dit juis 'n punt van geloof, ja maak dit van kardinale uitslaggewende belang: Jy móét weet waarvandaan Jesus gekom het (en waarheen Hy gegaan het). As jy nie dit nie weet nie en ook nie wil glo nie, dan loop jy verby die brug wat hemel en aarde verbind.

Is ons geloof afhanklik van die brug vanuit die ewigheid na tyd en ruimte, dan moet ons telkens weer na die oorsprongs-oord toe terugkom (herhaal).

God self slaan die boog vanuit sy hemel na die aarde toe! En die ene *wie* op die brug vanuit die ewigheid na tyd en ruimte toe kom, is niemand anders as God self nie. God self ry op die brug “Jesus”. Anders gestel: Die (geskenk)pakkie wat God in Jesus gee, is Jesus Christus. Jesus is die brug én Hy is die geskenk!

Ons teksgedeelte wil dit ontwyfelbaar klink-klaar duidelik stel: ons het HOM gesien, gehoor, aan Hom gevat - **HY hét werklik mens geword!** (Die tema van die Sondag na Kersfees is: *Simeon* - die ou bejaarde man by die tempel wat die kleine Jesuskind op sy arm neem en God begin prys: Here, nou laat U my in vrede gaan, omdat my oë u Heil gesien het Ons wil saam met Simeon vandag die kind in die arms neem, ja ons wil Hom in ons opneem en deel van Hom word. ...)

II

Maar ons kan nie vandag die Jesus-kindjie in die arms neem nie, kan ons? Ons kan nóg fisies na Betlehem toe gaan, nóg sal ons Jesus daar in lewende lywe sien. **Daarom is ons afhanklik van getuies ...** en nou praat ons van die tweede boog van die brug. Dit is egter die boog wat net moontlik is, omdat die geskenk ewigheidskwaliteit het – en dit is die Woord. Johannes verduidelik dat die tweede boog van die brug nou geslaan word deur die verkondiging!

Wanneer ons van hierdie Jesus getuig, dan word die brug geslaan vanuit Betlehem na hier-en-nou, na jou en my toe, ons wat vandag hier in Pretoria 2000 jaar later bymekaar kom. Wanneer ons die Bybel lees, dan kom God na my en jou toe; wanneer ons die lewendige Woord van die preek hoor, dan is die verbinding daar.

Met ander woorde: **Die WOORD is die brug waarvoor Jesus ook nou self na ander mense toe kom.** Só te mindste, sien Johannes homself, as ooggetuie en direkte bemiddelaar van die goeie boodskap. Johannes is verseker dat *in* die getuienis *is* Christus self teenwoordig. Daarom, so verduidelik Johannes, *deel* dan ook díegene wat Jesus direk gesien, gehoor en betas het, *in dieselfde Christus* as díegene wat later die getuienis hoor. In hierdie WOORD het hulle *koinonia* (= gemeenskap).

Om die rede vra die ontvanger dus aanhoudend: Wat het julle ooggetuies regtig gesien en gehoor? En daarom vertel die ooggetuies vrymoedig van dit wat hulle gesien en gehoor het, sodat die hoorders so te sê in dieselfde heilssfeer ingetrek word, soos die getuies destyds vir Jesus self beleef het.

Ons wat vandag se “hoorders” is, wil dus nie oor Jesus fantaseer of spekkeer nie, nee, nie een of ander voorstelling van Jesus is goed genoeg om die goddelike heil te ontvang nie, maar presies *in die apostoliese getuienis* - dáár, en nêrens anders nie, lê die heil opgesluit.

Saam met die tweede boog bou ons dadelik die verdere boog – en dit is jou en my getuienis in hierdie wêreld. Wanneer jy deur woord-en-daad dissipel van die Here jou geloof leef, dit bekend maak, dan is jy die lig vir die wêreld.

Ons kan nou begryp wat Johannes later ook bedoel, dat as dit só is, dat in die gehoorde Woord Christus self teenwoordig is, dan is elke hoorder opgeroep om stelling in te neem. Diegene wat die getuie se woorde opneem as woorde van heil en dit glo, het daar-en-dan ook deel in die ewige lewe. Diegene wat die getuie se woorde verwerp en nie glo nie, het nou reeds die oordeel ontvang en het nie deel aan díe lewe nie.

III

Wat se voorreg het ons om hierdie WOORD te hoor, te glo en daardeur die lewe te ontvang! Die geloof leef van dit wat aangegee word.



Ek vat saam (met foto van brug met 3 boë): 1. God het die brug geslaan vanuit die ewigheid na tyd en ruimte. 2. Ons het dit van die apostels en profete ontvang. 3. Die derde boog is net so belangrik: naamlik wanneer ons die lewende woord, lewendig aan ander meedeel. **Die geloof leef in hierdie meedeelsaamheid.** Dáárin is die gemeenskap opgesluit, wanneer ons getuies word.

Moenie God se werk “afbreek” om nie ook getuie te wees van dit wat jy gehoor en gesien het nie.

Soos die herders eers op die veld, dan in Betlehem en dan oorals waarheen hulle gegee het, nie anders kon as om die blye boodskap uit te borrel, só wil die WOORD lewendig in ons word. Ja, God wil ons gebruik om die brug te bou om daarvoor te ry, om Jesus vir alle mense die hemelse as geskenk te bring. Ons wil ywerige brug-bouers wees want eers dan kan dit werklik Kersfees in hierdie wêreld word.

Mag God ons weer en weer ontmoet in hierdie erediens - ook wanneer ons in die Nagmaal sy “vleesgeworde” liggaam en bloed sien, voel en eet en drink - mag ons dit aangee wat ons ontvang het, sodat ons blydschap volkome kan wees en ons in Hom gemeenskap sal hê wat blywend is tot nadat ons “anderkant” die grens van die sigbare lewe gegaan het en ons HOM sal sien, soos Hy werklik is. Aan Hom alleen die eer! Amen. Mag die vrede van God wat alle verstand oorskry, die waak hou oor julle gedagtes en gevoelens in Christus Jesus, ons Here. Amen.